

ds. PJ Kriel

14.01.2108

Inhoud Hierdie preek wys dat ons as mens in elke deel van ons menswees breekbaar is. Ons is liggaamlik, sielkundig en geestelik breekbaar. Dit wys Paulus deur ons te vergelyk met kleipotte wat maklik breek. Die krag wat ons deur al die swaarkry van die lewe behoue laat bly is God. Dit doen God omdat ons hierdie skat dra dat Hy ons insluit en laat deel in die lewe en sterwe van Christus as mens. Christus se lewe as mens in die hemel gee waarde aan ons menslike lewe. Dit maak dat God ons as houer vir sy skat gebruik en ons met die sorg hanteer om sy skat te bewaar. Dit verbind ons tot 'n nuwe lewe van glo en doen, in plaas van moedeloos word oor die terugslae van die lewe. Ons is nie kunsvase wat bokant die terugslae van die lewe verhewe is of ysterpotte wat die krag het om self deur die terugslae van die wêreld te kom nie. God is ons eienaar wat vir ons sorg en ons vir Hom in sy diens behoue laat bly.

Liturgie 1. Lofsang Lied 464 verse 1-3; Evangelielezing 2 Kor. 5: 16-21 2. Lied 260: 2 Nuwe wetslesing 2 Kor. 6: 14-7:1 3. Ps. 119 verse 7 en 8 4. Lied 577 5 verse.

Skriflesing 2 Korintiërs 4: 1 – 18; 5: 16 -21; 11:23 – 29.

Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.”

Tema Christus se lewe wat Hy met ons deel maak dat ons nie moed opgee op ons eie lewe nie

1. In hoofstuk 4 maak Paulus twee keer die verklaring oor sy en ander Christene se lewe en werk dat hulle nie moedeloos word nie.

In vers 1 is hierdie verklaring die gevolgtrekking oor God se ontferming en die roeping om die evangelie te verkondig: “God het hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie.” Vers 16 is weer die gevolgtrekking uit die aankondiging in vers 7. Omdat ons hierdie skat in ons het, is dit nie ons krag nie maar die krag van God wat ons behoue laat bly. Omdat God ons vir sy liefde en diens behoue laat bly, verklaar Paulus dan dat Christene nie moedeloos met hul lewe en werk word nie.

Hierdie hoofstuk gaan dus oor die krag wat maak dat Christene nie moed verloor met hul lewe en roeping nie, maak nie saak hoe swaar hulle lewe verloop of watter terugslae hulle in die lewe tref nie.

2. Paulus gebruik 'n voorbeeld van kleipotte om te wys wie en wat is die krag wat ons behoue laat bly in hierdie lewe. Die kleipotte waarvan hy hier praat was die

algemene houers vir verbruikersware in die handel rondom die Middellandse See gewees in die tyd van Paulus.

Dit is amper soos vandag se karton- of plastiekhouders waarin alles verpak word wat ons by winkels koop. Hierdie kleipotte was nie keramiek nie. Dit was net bedoel om 'n houer te wees vir die vervoer van graan, wyn en ander handelsware.

Met hierdie beeld stel Paulus dat ons as mens is soos hierdie tipe kleipotte wat maklik breek. Elke deel van ons menswees kan maklik breek. Na liggaam, siel en gees is ons kleipotte wat maklik breekbaar. Daar is nie een deel van ons menswees wat onbreekbaar is nie. Hierdie beeld wil juis beklemtoon dat ons nie 'n binnekant het wat onbreekbaar is nie.

Daar is nie 'n binnekant van die mens wat so kragtig is dat dit al die terugslae en uitdagings van die lewe te bowe kan kom nie. Ons hele menswees, na liggaam, siel en gees is 'n kleipot wat maklik breek.

3. Om te breek gaan oor verdrukking en ooreising.

Dit gaan oor die uitsigloosheid waarin 'n mens verval oor jou lewe en werk. Dit gaan om deur mense so waardeloos gemaak te word, dat jy nie meer jou eie waarde vir God se liefde en diens kan aanvoel nie. Dit gaan om in die lewe wat jy vir God leef en die diens wat jy aan God toewy so verkleineer en verstoot te word dat nie meer die innerlike krag en motivering vir jou lewe en dienswerk oor het nie.

Daarom stel Paulus dat hy in sy dienswerk vir die Here baie keer hierdie breekpunte bereik het.

- 'n Breekpunt kom wanneer jy verdruk word vir die lewe en werk wat jy vir God doen. Dit beteken dat jy vir alles wat jy goed doen teengestaan word, as onnodig verklaar word of uit die weg geruim word
- 'n Breekpunt beteken dat jy in jou lewe en werk vir God op plekke kom waar jy verleë staan omdat jy net nie meer weet wat om te sê of te doen of met jou werk en lewe te maak nie.
- 'n Breekpunt beteken dat jy vervolgt word te word vir die goeie wat jy vir God doen. Vir die goeie wat jy doen word jy aangekla, veroordeel, vervloek en verwerp. Vir die goeie wat jy doen, word jy gestraf.
- 'n Breekpunt beteken om die grond neergegooi te word. Dit beteken om in dit wat jy vir die Here doen en die lewe wat jy vir Hom leef, platgeslaan te word op so wyse dat wat jy doen inmekaar val.

4. Daarmee wys Paulus dat Christene het nie 'n lewenshouding, persoonlike vaardighede of geestelike kragte het wat hulle bo hierdie breek-ervaringe verhef, uitlig of hulle daarvan vrystel nie.

Dit is juis die teendeel. Ons is kleipotte wat geen innerlike krag in ons liggaam, siel of gees het wat ons van hierdie breekpunte vrywaar nie.

Paulus vertel juis in hoofstuk 11 van al sy lewenswedervarings waarin hy verdruk was, om raad verleë gestaan het, vervolg was en platgeslaan was. Hy het sy werk is lewensgevaarlike omstandighede gedoen. So gevaarlik dat hy juis vir sy werk vir die Here die doodstraf van die Romeinse ontvang het. Hy is deur die Jode met godsdienstige strawwe soos lyfstraf met nege-en-dertig houe en om met klippe gegooi te word, gestraf. Sy werk moes hy baie keer sonder vergoeding doen en honger en dors ly terwyl hy die evangelie aan die heidene verkondig het. Daarmee saam moes hy met die bekommernis en terugslae van die pasgestigte gemeentes, en hulle gesukkel met geloof en sonde, worstel.

Verdruk, verleë, vervolg en platgeslaan in sy lewe en werk vir die Here!

5. Binne die beeld van kleipotte wat maklik breek beteken dit dat hy is soos hierdie kleipotte. Hulle is vol krake soos hulle geval het. Hulle het stukke afgebreek waar hulle rondgeskud het tydens die vervoer met skepe. Hulle is afgedop en bros met al die hantering van een werker na 'n ander werker.

Hoe kan so 'n kleipot nie moedeloos raak oor al die verwering wat hy opdoen of bevange raak dat hy een of ander tyd gebreek gaan word nie?

Paulus wys dit in die verklaring: “die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.”

Binne die voorbeeld van kleipotte is God die eienaar van die kleipotte. God doen twee dinge met hierdie kleipotte. Hy gebruik dit as houers vir sy skatte en hy is die een wat sorg dat die potte so hanteer word dat die skat wat hulle hou vir God bewaar bly.

Die krag wat die kleipotte behoue laat bly, is nooit die potte self nie. Dit is hul eienaar se krag. Die krag wat ons lewe en diens vir God behoue laat bly deur alles wat verkeerd loop, is nie een of ander innerlike krag binne ons self nie. Dit is God wat self sorg dat ons vir Hom behoue bly.

Ten spyte van al die verwerping, krake en breuke word ek so herstel, so hanteer, so versorg deur God dat hy nie toelaat dat ek uitmekaar val nie. Want ek word gebruik om die skat van God te dra.

6. Wat is hierdie skat wat God in ons belê het?

Paulus wys dit in die sin: “Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.”

Wat ons in ons dra soos kleipotte, is die sterwe en lewe van Jesus Christus. Paulus verduidelik hierdie lewe en sterwe van Jesus wat ons in ons dra in hoofstuk 5 verse 14 tot 21. Hoofstuk 5 vers 15 is 'n herhaling van 4:11: “En hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe nie meer vir hulleself moet leef nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf en uit die dood opgewek is.”

Hierdie skat wat ons in ons dra, is ons eenheid met die sterwe en lewe van Jesus Christus. Dit is volgens 5 vers 21 ons eenheid met wie Christus as mens is in sy sterwe en wie Hy as mens is soos Hy vandag as mens leef.

Ons eenheid met wie Christus is, is die skat van God wat ons binne in ons dra.

7. Hierdie eenheid wat ons met Christus het gee ons nuwe waarde die vir God. Ons is nou mense wat die lewe van God die Vader se Seun as skat binne ons het. Dit is hierdie skat wat ons waarde gee vir God.

Dit is net soos met kleipotte wat verpakkingshouers is. Die waarde van die skat word waardetoevoeging vir die houer. Die waarde van die skat bepaal watter waarde aan die houer geheg word. Dit bepaal ook die wyse waarop die houer hanteer word. Die houer word met dieselfde waarde hanteer as die skat.

Paulus stel dit so: “Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. ... Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.” 5: 16 – 18.

Die skat se waarde maak dat die eienaar die houer met dieselfde kosbaarheid hanteer as die skat in die houer. Ons doen dit vandag nog met kosbare geskenke. Ons sal vandag nog kosbare juwele en persoonlike geskenke bewaar in die houters waarin ons dit ontvang het, al is die houters op sig self eintlik heeltemal waardeloos.

8. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy in hoofstuk 4 stel dat die krag wat alles oortref kom van God af nie, van ons nie. God hanteer ons met dieselfde sorg, bewaring, dieselfde waarde en kosbaarheid as wie sy Seun vir Hom is, omdat ons een is met die lewe en sterwe van sy Seun.

Daarom moet houe ontdek hoe hulle eienaars na hulle kyk ter wille van wat in hulle gedra word, en nie na hoe arbeiders die houe hanteer nie. Dit is hierdie geloof in die eienaarskap van God die vader van die skat wat in ons is, wat Paulus in elke stukkendbreek-ervaring, verwerping-ervaring en verslytingervaring laat ontdek hoe hy vir God behoue is:

- verdruk, maar nooit terneergedruk nie.
- verleë oor raad maar nooit radeloos nie.
- vervolg deur mense maar nooit deur God verlaat nie.
- neergegooi op die grond, maar nooit vernietig nie.

Ons mag nooit die fout maak om hierdie uitkomst op elke swaarkry gaan oor die ontvang van nuwe innerlike krag om bokant die swaarkry uit te styg nie. Dan moes Paulus gesê het dat God ons die krag gee om bo elke swaarkry uit te styg.

Dit is egter nie waar nie. Dan moes dit so werk dat God die potte elke keer sterker maak as die kragte wat hulle kan breek. Baie geestelikes verkondig dit so verkeerd dat God jou elke keer sterker en sterker sal maak om kragtiger as die swaarkry te wees. Dan is ons egter weer terug by die houding dat ons innerlike krag kry om alle swaarkry te bowe te kom.

9. Die uitkoms uit swaarkry is egter nie innerlike menslike krag nie. Die uitkoms is wat die eenaar met die hantering van sy houe en skatte maak. Hy maak nie al sterker en sterker kleipotte nie. Hy sorg dat Hy kyk en beheer hoe die potte hanteer word. Hy is in sy ontferming besig om so te sorg, so te bewaar en so te bestuur dat die houe van sy skatte nie gebreek word nie.

- Nooit terneergedruk in verdrukking beteken dat God verdrukking nooit 'n krag laat word wat sy kinders in hulle liefde en diens aan Hom onderdruk nie. God self sorg dat geen verdrukking so kan wees dat dit ons in ons liefde en diens aan God kan onderdruk nie. Hy laat ons nooit so hanteer word in verdrukking nie.
- Verleë oor raad, maar nooit radeloos nie, beteken dat God ons verleenthede hoe om Hom lief te hê en Hom te dien, altyd omskep in nuwe geleenthede hoe om Hom lief te hê en te dien. Dit beteken nie dat Hy ons nuwe raad gee oor swaarkry waarvoor ons nie meer raad het nie. Hy skep in swaarkry nuwe geleenthede.
- Vervolg maar nooit verlaat nie, beteken nie dat ons vervolging vir die liefde en diens aan God ophou nie. Dit beteken dat God nooit ons vervolger word nie,

maar altyd ons Pleitbesorger in alles bly. Hy word nooit ons aanklaer wat beskuldig en veroordeel nie. Hy tree vir ons in.

- Net so beteken neergegooi maar nie vernietig nie, nie dat God ons weer die krag gee om op te staan nie. Dit beteken dat Hy ons optel wanneer ons neergegooi word.

10. Daarom verklaar Paulus dat swaarkry in ons liefde vir en diens aan die Here ons nooit moedeloos maak nie. Hierdie moedeloosheid beteken nie om nooit neerslagtig te word nie. Dit beteken om sonder hoop te wees op uitkoms. Om te leef met die vaste sekerheid dat:

- verdrukking deur mense die manier is wat God jou onderdruk,
- om met verleentheid oor wat te doen met die lewe, gee God nuwe geleenthede,
- om deur vervolging van mense God as jou aanklaer te kry en
- om deur mense neergegooi te word omdat God jou wil vernietig

Wanneer dit so sou wees, dan is daar geen hoop in swaarkry nie en dan kan daar geen moed meer vir die lewe vir God en sy diens oor wees nie.

Hierdie moedeloosheid gebeur wanneer kleipotte aanvaar dat die manier waarop arbeiders hulle hanteer, is die waarde wat hulle het. Hierdie moedeloosheid is om nie meer te weet dat jy vir die eienaar 'n skat bevat nie. Hierdie moedeloosheid glo nie meer in die waarde van die skat wat hulle dra nie. Hulle soek hulle waarde in die wyse waarop arbeiders hulle hanteer.

11. Paulus maak hierdie besondere verklaring oor 'n lewenswyse waarin 'n gelowige nooit moedeloos word nie: "Daar staan in die Skrif: "Ek het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo daarom praat ons ook."

Vir Paulus se roeping en diens aan God beteken hierdie teks dat omdat hy glo, praat hy. Omdat hy glo, preek hy soos hy moet preek. Omdat hy glo, doen hy wat hy vir God moet doen!

Dit is nuwe lewenswyse van hulle wat nuut is omdat hulle aan Christus: omdat ek glo, doen ek, al leef ek met die swaarkry van verdrukking, verleentheid, vervolging en om neergeslaan te word.

Omdat ek glo dat ek 'n houer is vir God se kosbare skat, die lewe en sterwe wat sy Seun met my deel, doen ek wat 'n houer moet doen! Ek dra die skat wat in my is in en deur al die swaarkry van die lewe deur mense wat nie my waarde ag of ken nie.

Christus se lewe wat Hy met ons deel maak dat ons nie moed opgee op ons eie lewe nie

Omdat ek glo in die skat wat ek dra, doen ek wat ek moet doen! Hierin kan ek nooit moedeloos word nie!

Hoe so?

Want al vergaan ons uiterlik, word ons van dag tot dag innerlik vernuwe! Die skat in ons gee altyd weer nuwe waarde aan ons lewe en diens, maak nie saak wat met ons uiterlik gebeur nie. God self tree elke keer weer op om vir ons uitkomst te gee wat hy bewerk: Hy laat ons nie onderdruk nie, Hy skep nuwe geleenthede, Hy tree in ons belang op en Hy tel ons elke keer op om weer nuut te kan begin.

Die krag wat ons vernuwe kom nie uit ons innerlike nie. Dit kom van God self. Wie in hierdie geloof leef oor die skat wat ons dra, kan nie in hopeloosheid oor die lewe verval en só moedeloos met die liefde vir God en die diens aan God word nie.

12. Nou waarop bereik ons dat die toestand van hopeloosheid met ons liefde en diens vir God, op so 'n wyse dat ons wil opgee op die lewe self en met ons arbeid self?

Die eerste rede hiervoor is dat ons deur God so bemagtig en bevoorreg wil word, dat ons nie aan swaarkry blootgestel word nie.

- God moet ons so verhef en bemagtig dat niemand dit sal waag om ons te ooreis, om ons te verstoot of ons te verkleineer nie. So bemagtig dat niemand ons sal verdruk in ons lewe of werk nie.
- God moet ons ook bemagtig met sy wysheid dat ons altyd sal weet wat om te doen, altyd nuwe planne en oplossings sal kry en altyd weer nuwe uitkomst sal bedink.
- God moet ons so bemagtig dat niemand dit sal waag om ons te vervolg nie. God moet altyd opkom vir ons reg en geregtigheid sodat ek altyd as reg bewys staan teenoor enige vervolging.
- God moet ons so ophemel en verstrek dat ons nooit platgeslaan sal word nie.

Wat se tipe mag kan in hierdie wêreld voorkom dat jy verdruk word, verleë staan om dat jy nie meer weet wat om te doen nie, vervolg word vir die goeie wat jy doen en nie platgeslaan word nie?

Dit is die kragdadigheid wat ontsag by ander inboesem om dit nie te wil waag om so teen jou op te tree nie. Dit is die passie van die moderne Christelikheid: die

Christus se lewe wat Hy met ons deel maak dat ons nie moed opgee op ons eie lewe nie

kragdadigheid om jouself so in God se naam en krag te laat geld, dat mense te bang is om te waag om jou te benadeel!

13. Dit is egter juis die rede hoekom ons moedeloos word.

Want God bemagtig ons nie met hierdie kragdadigheid wat vrees en ontdag in die wêreld inboesem nie. God belê in ons 'n skat. Hy maak ons nie kragdadig nie. Hy laat ons deel in die lewe en sterwe van sy seun sodat ons vir God dieselfde waarde as Christus het: heilig en regverdig in ons liefde vir God. Hy versorg en bewaar ons in die geweld van hierdie wêreld.

Hy doen dit alles sodat ons in sy liefde en diens kan leef!

Watter soort potte is 'n mens te bang om aan te vat?

Dit is keramiekvase. Dit is kunswerke wat gemaak is om uitgestal te word, bewonder te word en bekyk te word. Kunswerke wat vir niks gebruik kan word nie. Kunswerke wat self die skat is, maar nooit die houer van die skat is nie.

Dit is die passie van die moderne Christelikheid! Hulle wil nie houers van die skat wees nie. Hulle wil self die skat wees sodat hulle soos die skat behandel sal word. Hulle wil nie deel in die lewe en sterwe van die Here as mens nie. Hulle wil nie diensbaar in liefde wees nie.

Dit is die leuen in al die geestelikes se gekoer oor hoe lief God jou het. Met hierdie verklarings oor hoe God jou liefhet, verkondig hulle nie die lyding en opstanding van Christus as God se liefde nie. Hulle gekoer oor hoe God jou liefhet is altyd sodat jy moet glo jy is God se skat.

Hulle wil God se skat wees! 'n Skat wat nooit aan verdrukking, verleenthede, vervolging of neergooi blootgestel is nie, maar altyd bewonder word en uit vrees nooit aangeraak word nie.

God maak sy kinders nie kunsvase nie. Hy maak ons kleipotte om sy skat te kan dra!

Ons moet ons eie moedeloosheid toets! Is dit nie die moedeloosheid van kleipotte wat kunswerke wil wees nie. Want kleipotte wat soos kunsskatte behandel wil word, sal altyd in moedeloosheid met die lewe verval!

14. Die tweede rede wat ons moedeloos maak is die dwaasheid wat aan ons verkondig word dat God ons innerlike krag gee waarmee ons self ons eie swaarkry oorkom en oorwin.

Hierdie dwaasheid maak asof die uitkoms om nie onderdruk te word nie, nie radeloos te wees nie, nie verlaat te word nie en nie vernietig te word nie, deur krag kom wat God aan ons gee. So verander hulle die Woord van God wat stel dat die krag wat ons uitkoms gee is God self, wat deur sy krag optree, na krag wat God ons gee waarmee ons dan self ons uitkoms moet bewerk.

Dit is die bygeloof dat God ons met sy goddelike krag vervul sodat ons ons lewe deur God se goddelike krag kan lewe, nie meer met menslike krag wat uitgeput raak en nie meer voldoende is vir die eise van ons lewe nie. Hierdie bygeloof maak asof God sy goddelike lewe in en deur ons leef en ons so deel kry aan God se lewe, krag, mag en persoon. Die krag van God word só ons krag. Ons tree op in die krag van God se goddelike planne, drome, besluite en wil wat ons eie is.

Dit is die dwaasheid dat die skat wat ons dra as kleipotte ons ysterpotte maak! Ysterpotte wat onbreekbaar is en alles kan deurstaan.

Met hierdie dwaasheid dat God ons met sy goddelike krag ysterpotte maak, het elke geestelike nou sy eie handelsmerk van goddelike krag wat hy bemark wou jou onbreekbaar sou maak.

- Hulle loop rond met die bemarking van God se visies en drome vir die toekoms. Wanneer jy deel van hulle geestelikheid word, word jy deel van God se drome en visies en leef jy nie meer met jou swak menslike ideale nie.
- Hulle loop rond met die bemarking dat jy geloof in jouself moet hê omdat jy God se skat sou wees. Jy sou so belangrik en kosbaar vir God wees, dat God jou met sy goddelike krag sa bemagtig om bokant alles verhewe te wees!
- Hulle loop rond met die bemarking van positiwiteit! God se goddelike krag wat jou eie krag sal word, sal jou so positief maak dat jy nooit bekommerd, oor raad verleë of uitsigloos sal raak nie.
- Hulle loop rond en bemark eensgesindheid en versoening: eendrag maak mag! Met hierdie goddelike eenheid en versoening as jy eie binnekant sal jy dan so magtig word dat jou verdrukking en vervolging sal ophou.
- Hulle loop rond en bemark liefdevolheid en weerloosheid, dit is niks anders as passiwiteit, as die goddelike krag wat jou teen die aanslae van die lewe so sal staal dat jy alles sal oorwin.

Christus se lewe wat Hy met ons deel maak dat ons nie moed opgee op ons eie lewe nie

- Hulle loop rond en bemark gebed as die deel van jou innerlike wat jy een met die goddelike krag van God sal maak waardeur jy goddelike kragte sal vrystel wat die wêreld so sal verander dat jy nooit weer platgeslaan sal word nie.

Innerlike kragte wat jou 'n ysterpot maak! Dit is wat ons moedeloos maak en ons juis so uitbrand dat ons na liggaam, siel en gees breek. Want ons is en sal nooit God se ysterpote wees nie. Ons is sy kleipotte.

15. Dit is die waarheid van kindskap van God: kleipotte wat maklik kan breek.

Ons is nie God se skat wat ons bokant die druk van ons lewe vir en diens aan god verhef nie. Ons is nie die skat nie. Ons is die houters van die skat

Ons is nie onbreekbare ysterpote nie. Ons is kleipotte wat maklik breek wat die skat dra dat ons die lewe van Christus as mens in die hemel deel.

Hierdie skat wat ons waarde gee en 'n eienaar gee: ons behoort aan Christus. God is ons krag. Hy sal as God deur sy krag ons vir Homself behou en versorg.

In hierdie geloof kan ons eie swakheid erken, wat ons leef nie uit ons eie krag nie.